

# KREATIWITEIT

met David

DAVID VILJOEN, kreatiewe landskapsontwerper en tuinboukundige



## Span dié beproefde boererate in

'n Boer maak 'n plan en 'n boer se vrou maak vele planne as dit by die skep en instandhouding van 'n tuiste kom. Soms is dit uit moedeloosheid wat 'n mens enige ding probeer en soms, net soms, werk iets. Boererate kom al 'n lang pad saam met ons – van hulle werk goed, terwyl ander my erg laat frons en wonder. Onthou dat boererate op eie risiko gebruik moet word en dat daar geen waarborg is dat dit wel gaan werk nie.

Ek onthaal dikwels en koördineer ook vele funksies. Deur die jare heen het ek 'n paar wenner-boererate raakgeloop wat vele funksies van 'n groot verleentheid gered het. Graag deel ek dit met julle. Ongelukke gebeur so vinnig en veral as jou gaste lekker kuier, eindig 'n mens dikwels op met kerswas op die tafeldoek, rooiwijnvlekke op die tapyt en vragte skottelgoed. Ek het nie raad vir laasgenoemde nie, maar deel graag ander oplossings.

Om kerswas van materiaal te verwyder, kan 'n stuk koerantpapier (of bruinpapier) bo-op die materiaal geplaas word, waarna dit met 'n loutwarm strykyster gestryk word. Die was sal smelt en in die papier intrek. As 'n kragpunt nie in die nabyheid is nie, draai die tafeldoek onderstebo sodat die kerswas-gedeelte na die vloer toe wys. Gooi kokende water deur die tafeldoek sodat die kerswas smelt en uitdrup. 'n Wenk om kerse langer te laat brand, is om die kerse die aand vantevore in die yskas te laat oornag.

As daar 'n gas is wat gesukkel het om rooiwijn in hul glas te hou en 'n rooi vlek êrens veroorsaak het, gooi dadelik iemand anders se drankie (wit wyn of sodawater) daarop uit. As niemand hul drankie met jou wil deel nie, gooi dadelik tafelsout op die gemorste rooiwijn. As die vlek al ietwat droog is, gebruik koeksoda en water om die rooi kleur op te los.

Kougom wat in tapyte ingetrap is, kan met ys verwyder word of jy kan gekookte warm asyn op die taaiërigheid gooi – dit sal dadelik loskom. Gebruik 'n skoon borsel om dit af te vee.

As jy eetgerei mooi skoon wil maak (silwer, goud of vlekvrystaal) en kommersiële produkte is dalk nie beskikbaar nie, is die volgende boereraat 'n maklike, bobaas-oplossing. Ek het selfs vriendinne wat hul juweliersware so sprankelend skoonmaak. Plaas 'n stuk aluminiumfoelie in die onderkant van 'n klein bakkie en gooi 'n koppie kokende water in die bakkie. Voeg 'n eetlepel sout, 'n eetlepel koeksoda en 'n eetlepel skottelgoedseep by en meng dit goed. Plaas nou die metaalware bo-op die foelie en laat dit in die oplossing staan vir ongeveer 5 tot 10 minute. Haal uit en droog dit goed af met 'n sagte lap of papier. Ander metodes wat werk om juweliersware skoon te maak, is om valstande se skoonmaakmiddel te gebruik deur die juweliersware daarin te week. As die nood roep kan tandepasta

op 'n tandeborsel ook aangewend word om van vuilheid ontslae te raak. In die rookarea plaas ek gewoonlik bakkies gevul met asyn om die reuke te absorbeer, veral as daar gestoffeerde meubels of gordyne in die vertrek is. (Doen dit sodra daar begin rook word en nie voor die tyd nie – mens wil nie hê jou gaste moet in 'n vertrek inloop wat soos 'n viswinkel ruik wat sout en asyn op hul skyfies gooi nie!)

Sout werk ook baie goed in die asbakkies om brandvlekke te voorkom en ook om reuke te verminder. Sout is goedkoop en asbakkies kan op dié manier baie makliker en vinniger skoongemaak word. 'n Romantiese atmosfeer, geskep deur die gebruik van kerse, is veeldoelig aangesien die vlammetjies ook sal help om van die rookgeur ontslae te raak.

Die skoonmaak-/ontsmettingsmiddel wat vir materiaalbabadoeke gebruik word, werk net so goed om wit tafeldoek skitterwit te maak. 'n Soutoplossing waarin wit tafeldoekeweek word, voor dit gewas word, is ook iets nuttigs om te onthou om skoon, wit tafeldoek te verseker. Onthou om wit tafeldoek in plastiese sakke te stoor as dit nie dikwels gebruik gaan word nie om vergeling te voorkom. Maak net seker dat die tafeldoek kurkdroog is alvorens dit verpak gaan word. Ek het al gehoor van mense wat insekdoder (wat in 'n spuitkannetjie voorkom) op vetkolle spuit om daarvan ontslae te raak. Grondboontjebotter werk blykbaar net so goed.

En wat van badkamerhigiëne: Om die krane in 'n badkamer mooi blink te kry, kan jy dit met 'n halwe aartappel skoonvry. Vloer- en muurteëls kom vinnig skoon deur 'n bietjie paraffien in die water te gooi waarmee dit gewas gaan word.

Die donkerswart koeldrank wat met die letter "C" begin, word nie net skoon gedrink of met brandewyn gemeng nie, maar is ook veeldoelig as 'n skoonmaakmiddel. Toilette by 'n funksie is dikwels gevlek – gooi 'n blikkie se koeldrankinhoud in die toilet in en laat dit so staan vir 'n uur of langer, waarna dit weggespoel kan word. Vetkolle kan ook met dieselfde koeldrank verwyder word, deur dit op die materiaal te gooi. Die koeldrank sal die vette opbreek as die kledingstuk vir 'n uur lank daarin geweek word waarna dit gewoonweg gewas word. (Ek is nie seker hoeveel dit 'n kledingstuk kan vlek nie, maar darem is 'n mens dan ontslae van 'n vetkol...)

Om 'n geroeste skroef los te draai, roes te verwyder of selfs jou motorbattery-terminale skoon te maak, werk dié populêre koeldrank ook. (Ja, ek weet dit het niks met 'n funksie te doen nie, maar is tog handige inligting.) Jy weet dalk self ook van 'n paar wenner-boererate. Deel dit asseblief met ons. Kom ons gesels lekker op ons internetblad "WYSBOEK OP FACEBOOK". Hier deel ons WYSheid met ander of vra sommer vir advies. Deel (of WYS) ook sommer enige iets interessants of wat mooi is vir jou! ■

Vir navrae, skakel David Viljoen van Mercury Designs by 011 894 2430 of 082 468 3142, of stuur vir hom 'n e-pos na: [david@mercurydesigns.co.za](mailto:david@mercurydesigns.co.za). Gaan hou ook van ons Facebook-bladsy "Wysboek op Facebook".



Wysboek op Facebook

